2 TOT 6 Julie 2025 Kaartjies beskikbaar by Ticketpro Slegs Kaarttransaksies innibos.co.za

'n LEKKER PRODUKSIEPROGRAM

Afdelings

TONEEL

Klik hier vir die volle program

- Speelgoed van Glas
- Kry vir jou 'n tux, Thomas
- Seun
- Geagte Kampeerders
- Ouma is op pad
- Moord met 'n T
- Marion Monroe
- Vlerksleep

MUSIEK

Klik hier vir die volle program

- Opera - Tango
- Trou
- Jak de Priester in Maanligfontein
- Gé Sing - Hoor my lied
- Die beste band in die wêreld ooit, ek sweer
- Loof Hom Innibos

LEEFSTYL

Klik hier vir die volle program

- Meesters: 100 jaar van Pinotage en Afrikaans
- Skilder en Wyn met Hannelie Swart
- Komati Fruit Plaasbesoek @ Crocodile River Estates
- 'n Langtafel-ervaring, iewers in die Laeveld vir die kieskeurige fynproewer.

AVONTUUR

Klik hier vir die volle program

- Long Tom Toboggan-pretrit saam met Die Piesangskille

POETRY

Klik hier vir die volle program

- Poetry Slam

BOEKE

Klik hier vir die volle program

- ATKV-Boeke-Crawl

Sien Feesterreinprogram vir:

- Boekbesprekings
- RSG - Uitsendings
- Kuns

TOYOTA innibos®
LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES

TOYOTA innibos LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES

TONEEL PRODUKSIES

Drama — *Speelgoed van Glas*

Met Anna-Mart van der Merwe, Carla Smith, Ben Albertyn, Mark Elderkin

Wo 2 Jul 18:00; Do 3 Jul 09:00; Vr 4 Jul 14:00

Teks:	**Tennessee Williams**
Vertaler, regie en ontwerp:	**Nico Scheepers**
Verhoogbestuur:	**Nell van der Merwe**
Gradering:	**Geen O/14**

Venue:	**Mbombela Stadsteater / Civic Theatre**
Tydsduur:	**110 min**
Prys:	**R195**

nati NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

'n Toyota Stellenbosch Woordfees-produksie, ondersteun deur NATi en die Baxter-teater

'n Nuwe vertaling en verwerking van Tennessee Williams se tydlose meesterstuk *The Glass Menagerie*. Hierdie drama ontknoop die fyn web van liefde en verlies, gespin deur 'n matriarg om haar gesin tot elke prys bymekaar te hou – en hoe graag elkeen van hulle wil ontsnap. *Speelgoed van glas* is 'n boeiende, hartroerende uitmekaarskeurverhaal, 'n meesleurende verkenning van broosheid, verlange en die feilbaarheid van familie. Bekroon met die Woordtrofee as beste toneelstuk, beste regie, beste vroulike byspeler (Smith) en beste manlike byspeler (Elderkin) by die Toyota Stellenbosch Woordfees 2024. Uitverkoop by Woordfees en KKNK. 'n Moet-sien-produksie!

Komedie — *Kry vir jou 'n tux, Thomas*

Met Dean-John Smith en Marion Holm

Do 3 Jul 14:00; Vr 4 Jul 18:00; Sa 5 Jul 09:00

Teks en regie:	**Retief Scholtz**
Vervaardiger:	**The Artist Warehouse**
Gradering:	**Geen O/13**

Venue:	**Mbombela Stadsteater / Civic Theatre**
Tydsduur:	**75 min**
Prys:	**R195** **Debuut**

nati NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

'n Innibos- en Vrystaat Kunstefees ko-produksie ondersteun deur NATi, vervaardig deur The Artist Warehouse.

Tessa Slabbert is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie. Sy wéét vanaand se funksie, en die belaglike "Toekenning vir Lewenslange Bydrae" wat sy kry, is haar smokgevreet van 'n eksman se manier om subtiel te sê haar tyd is verby. Sý is Le Poulpe (*Die Seekat*) Cosmetics! Tessa gaan nie opdaag nie. Dit sal hom en sy kredietkaartkoket leer om nie met Tessa te mors nie. Stotterende Thomas het sy hande vol om Tessa te oortuig om tog maar te gaan – asof dit die belangrikste taak van sy lewe is … Wanneer sy uiteindelik, op een voorwaarde, instem, kan hy nie anders as om te doen wat sy vra nie. Daar is baie op die spel. 'n Stuk oor seekatte, wat ons doen om okay te wees en wat dit alles met Noddy te doen het. Marion Holm en Dean John Smith speel die verhoog vuurwarm in hierdie nuwe komedie uit die pen van Retief Scholtz. Daar is baie om oor te lag, maar, vir balans, nes dit maar altyd in die lewe is, is daar ook heelwat om oor te huil. Maak vas jou sitplekgordel: Tessa en Thomas het dinge om te sê.

Hierdie produksie is lig en snaaks; mooi en hartseer. 'n Besliste moet-sien op die Innibosspyskaart.

Kaartjies beskikbaar by Ticketpro

innibos.co.za

Drama — *Seun*

Met Wilhelm van der Walt

Do 3 Jul 18:00; Vr 4 Jul 09:00; Sa 5 Jul 13:00

Skrywer:	**Dana Snyman**
Verwerking:	**Johann Smith**
Regie:	**Nico Scheepers**
Vervaardiger:	**Leftfoot Theatre Productions**
Gradering:	**Gesin**

Venue:	**Mbombela Stadsteater / Civic Theatre**
Tydsduur:	**85 min**
Prys:	**R195 Debuut**

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

'n Innibos-produksie ondersteun deur NATi, vervaardig deur Leftfoot Theatre Productions.

Vir baie mans was die 1980's 'n dekade soos al die ander – die van braaivleis, rugby, sonskyn en Chevrolet. Vir hulle was die lewe goed. Vir baie ander was die 1980's 'n bitter moeilike en gevaarlike tydperk: 'n tyd van ontreddering. 'n Tyd wat vrae gewek het.

In hierdie toneelstuk word Dana Snyman se ervaringe van die 1980's uitgebeeld. Dit is die tyd van PW Botha se vinger, van die Voëlvry-toer, AWB-saamtrekke, onderhandelinge en die laaste dae van diensplig. Dana word oneervol ontslaan uit die weermag, maar eers maak hy 'n draai in Saal 24. Werkloos en doelloos eindig hy in 'n gewese bediendekamer in Pretoria.

Dié rou, selfonthullende memoires vra: hoe word 'n seun 'n man? 'n Seun wat nie 'n meisie se aandag kan trek nie? 'n Seun wat nie goed genoeg is vir die weermag nie?

Hierdie is die aangrypende verhaal oor grootword tydens die doodsnikke van 'n politieke era, oor manlikheid en oor selfaanvaarding en oor hoe die liefde uiteindelik alles oorkom.

Komedie — *Geagte Kampeerders*

Met Wynand van Vollenstee en Thiart Li

Do 3 Jul 17:00; Vr 4 Jul 12:00

Teks en regie:	**Wynand van Vollenstee**
Gradering:	**Geen o/14 Taal**

Venue:	**Nelspruit Hoërskool Ouditorium**
Tydsduur:	**70 min**
Prys:	**R195**

"Geagte Kampeerders, as jy moeg word vir die lewe in die stad, vat net die Willewaterspad – die bo-gemiddelde, sagte grondpad. Met ekstra groot staanplekke, welige wilgerbome en kabbelende waters. Hengelaars se paradys, behulpsame staf, ekstra-breedte supertube en mensgemaakte warmwaterbronne, met 'n uitputtende dagprogram vir oud en jonk ..."

Dit was wat geadverteer was, maar as iets te goed klink om waar te wees ... In hierdie splinternuwe komedie is Wynand van Vollenstee te sien as Oom Frik, opsigter, eienaar en bestuurder van die Willewaters Kampeerterrein. Elke Desember staan hy slaggereed om die groot gros Transvalers te ontvang. Maar wanneer groot tragedie die kampterrein tref en mense forseer word om moeder natuur, afblaasmatrasse, neus-in-die-lug bure, ongeskikte kinders, iemand se rondloper-hond en die snobistiese chalet-bewoners te trotseer, is die gort behoorlik gaar.

Kom lag lekker saam in hierdie histeriese komedie en beleef al die tipiese kamp-karakters wat altyd hul verskyning by enige kampterrein maak.

Komedie — *Ouma is op pad*

Met Margit Meyer-Rödenbeck en Conraad Rall

Wo 2 Jul 14:00; Do 3 Jul 09:00

Teks:	**Jurgen Human**
Regie:	**Jurgen Human**
Gradering:	**Geen O/14**

Venue:	**Nelspruit Hoërskool Ouditorium**
Tydsduur:	**80 min**
Prys:	**R205**

'n Gehoorlid skryf op 16 Aug: "Margit Meyer-Rödenbeck neem jou op 'n super humoristiese en verfrissende wyse op reis deur 'n veranderende wêreld! Jy huil soos jy lag terwyl ernstige waarhede jou lag-lag tref. UITSTEKEND!"

Dowwe Dolla se Ouma het eintlik saam met Dolla afgetree einde 2021. Maar nou wil almal weet wie was daai tannie wat so aanstoot kon gee? En toe besluit Ouma sy het NOG 'n paar dinge om kwyt te raak. Ouma kom van Garies en soos meeste mense van daardie wêreld is sy 'n formidabele vrou. In die Knersvlakte word jy nie groot met luukshede soos doekies omdraai nie. Sy het al twee mans begrawe, maar haar bure vermoed die laaste een het net ingesluimer. Met die dat haar kleindogter nou in die stad werk, en sy nou en dan moet gaan kuier, kom Ouma agter daar is baie dinge wat sy nie ken nie. En "takt" is een van hulle.

Komedie — *Moord met 'n T*

Met Tobie Cronje, Ignatius van Heerden, Andre Lotter

Vr 4 Jul 19:00; Sa 5 Jul 09:00

Teks:	**Braam van der Vyver**
Regie:	**Lihan Pretorius**
Gradering:	**Geen O/13**

Venue:	**Nelspruit Hoërskool Ouditorium**
Tydsduur:	**70 min**
Prys:	**R195**

Die popmooi winkelassistent, Leksie Pieterse se stinkryk vroetelpappie, Bakkies Barnard, sterf in haar bed. Bakkies het nog skaars sy laaste asem uitgeblaas of sy jaloerse vrou, Cruella, is byderhand. Die feite dui op 'n liefdesdriehoek en dis altyd 'n resep vir moord, want Cruella is net oor haar erfporsie begaan.

Die ondersoekbeampte, speurder-sersant Wihan Beyleveld, stel vas dat Bakkies vergiftig is. Hy volg die spoor na die lykshuis waar hy met die vreemde opsigter, Klaas van der Broeken, te doen kry en waar daar nuwe vrae ontstaan. Is Bakkies regtig dood en as hy nie is nie, wie is die spook wat op 'n haar na hom lyk, en wie se lyk is in die lykshuis? Maar dis nie al nie: waar pas PJ die privaatspeurder in? En hoe het die gif in Bakkies se lyf gekom? 'n Lekker-lag-komedie wat jou sal laat snak na jou asem.

Komedie — *Marion Monroe*

Met Marion Holm

Wo 2 Jul 18:00; Vr 4 Jul 09:00

Teks:	**Marion Holm en Chris Vorster**
Regie:	**Chris Vorster**
Gradering:	**Geen O/12**

Venue:	**Nelspruit Hoërskool Ouditorium**
Tydsduur:	**75 min**
Prys:	**R195**

"What's in a name? That which we call a rose by any other name would smell just as sweet." Aldus Shakespeare. So is Marion Holm steeds Marion Holm al noem mense haar Nicole Holm? Bly Marion 'n vrou al noem mense haar meneer? Wat maak Marion Marion? Wat maak jou jy? Kom kry die antwoorde in hierdie raak-tref-produksie.

Holm vertel weer stories met haar tipiese Holm-eerlikheid en -heerlikheid om haar punt oor te dra. WAARSKUWING: Dit is nie 'n tragedie nie, net 'n komedie!

Komedie — *Vlerksleep*

Met Bertha le Roux-Wahl, David James, Elma Potgieter, Richard van der Westhuizen

Wo 2 Jul 09:00; Do 3 Jul 13:00

Skrywer:	**Peter Quilter, vertaal deur Frans Swart**
Regie:	**Frans Swart**
Gradering:	**Geen Gesin**

Venue:	**Nelspruit Hoërskool Ouditorium**
Tydsduur:	**98 min**
Prys:	**R195**

Ons almal was seker al op 'n toe-oog afspraak en weet presies hoe aaklig dit kan wees. TV-realiteitsreekse dwing bekendes om in der waarheid op blinde afsprake te gaan en dis dit dan vir die wêreld op as "vermaak". Peter Quilter vat raak met Vlerksleep, want hy het daarin geslaag om 'n moeilike onderwerp baie komies aan te bied. Dit is vars en skreeusnaaks en ons almal kan op 'n manier daarmee identifiseer, want 'n toe-oog-afspraak is 99% van die tyd nie baie geslaagd nie. Quilter verstaan die dilemma en met sy komiese skryftalent skep hy 'n skreeusnaakse komedie wat vir baie lekker lag in die teater gaan sorg. In Afrikaans vertaal deur Frans Swart.

Klassiek / Opera — *Opera - Tango*

Met Zanne Stapelberg (sopraan), Albie van Schalkwyk (klavier) en die Nocoré Ensemble.

Sa 5 Jul 17:00

Musiekregie: **Albie van Schalkwyk en Zanne Stapelberg**
Gradering: **Gesin**

Venue: **Mbombela Stadsteater / Civic Centre**
Tydsduur: **75 min**
Prys: **R195**

Die produksie word ingelei deur die klokhelder stemme van die Nocoré Ensemble, waarna die uitvoering voortgesit word deur twee van Suid-Afrika se mees gevierde kunstenaars, Zanne Stapelberg en Albie van Schalkwyk. Opera-Tango is 'n elegante vermenging van klank en emosie. Met Zanne se ryk, besonderse stem en die uitmuntende begeleiding van Albie op die klavier, word die gehoor meegesleur deur die mees ikoniese opera-arias en vurige Spaanse Zarzuela-arias. Zanne is bekend vir haar sielvolle en passievolle vertolkings. In arias soos Lascia ch'io Pianga en Come Scoglio word die emosionele intensiteit van elke noot en elke woord oorgedra. Albie se klavierspel is terselfdertyd delikaat en kragtig - 'n getuienis van sy merkwaardige kunstenaarskap. Die konsert bereik 'n hoogtepunt met die die Milonga uit Astor Piazzolla se tango-opera Maria de Buenos Aires. Opera-Tango is 'n magiese musikale reis gevul met die diepe skoonheid van klassieke musiek.

Musiekteater - Komedie — *Trou*

Met Mel die Storieverteller en Corlea Botha

Vr 4 Jul 10:00

Musiekregie: **Corlea Botha**
Gradering: **Gesin**

Venue: **Seunskoshuissaal Nelspruit Hoërskool**
Tydsduur: **70 min**
Prys: **R195**

Komediant Mel die Storieverteller en sangeres Corlea Botha smelt hul talente saam om 'n onvergeetlike vertoning vol sang en stories te bring. Jy hoef nie 'n ring aan die vinger te hê om te kan gesels oor troues nie. Ons almal was al by een, of dit nou zef, styf, kitsch of rêrig rof was – troues is die broeiplek vir tradisies, nuwe liefdes en familielede se grootse skandes.

Dis natuurlik die geleentheid waar ons sien of geld styl kan koop of nie. Mel deel humoristiese staaltjies vanuit haar eie trou- en wittebroodalbum en Corlea sing 'n paar bruilof-gunstelinge. Moet asseblief net nie 'n *Tant Koek se Hoenderhaan* verwag nie. Verwag wel 'n paar verrassings en 'n lekker interaksie tussen die twee vroue met sterk opinies oor gastelyste, dekor en *spanks*.

Kontemporêr — *Jak de Priester in Maanligfontein*

Met Jak de Priester

Sa 5 Jul 10:00

Musiekregie: **Jak de Priester**
Gradering: **Gesin**

Venue: **Seunskoshuissaal Nelspruit Hoërskool**
Tydsduur: **90 min**
Prys: **R195**

Dit is die jaar 2025 en Jak de Priester vier sy 23e jaar in die Afrikaanse musiekbedryf. Dit is ook Afrikaans se 100 jaar vieringe as amptelike taal. Jak de Priester het in sy pad as sanger al 'n paar treffers geskryf … Elkeen van sy liedjies vertel die storie van ekstase, verlange en romanse. Soms komies, soms hartseer.

'n Nuwe *show* met al die bestanddele van 'n aand by die bioskoop. Kom vier Afrikaans se amptelike 100 jaar saam met Jak de Priester in Maanligfontein.

Kontemporêr — *Gé Sing - Hoor my lied*

Met André Schwartz, Arina de Witt, Louis Loock, Stephanie Baartman, Luke van der Merwe, Chanie Jonker, Rixi Roman, Theuns Botha

Sa 5 Jul 12:00

Gradering: **Gesin**

Venue: **Nelspruit Hoërskool Ouditorium**
Tydsduur: **120 min (sluit pouse in)**
Prys: **R295**

Teen die einde van September 2024 was dit 25 jaar sedert die legendariese stem van Gé Korsten, Suid-Afrika se eerste ware superster, vir altyd stil geword het. Sy lewe, loopbaan en fenomenale talent word met hierdie huldeblyk-produksie gevier. Oudiovisuele argiefmateriaal word teen 'n skerm geprojekteer om die gehoor 'n oorsig oor sy werk te gee, asook insigte in Gé Korsten as kunstenaar, mens en pa te bied.

Sy musikale nalatenskap word op 'n vars wyse deur vier van die land se voorste kunstenaars geïnterpreteer. 'n Vol orkes, onder leiding van musiekregisseur Chanie Jonker begelei die viermanskap.

Kontemporêr

Die beste band in die wêreld ooit, ek sweer.

Met Ricus de Beer, Ryno Velvet , Regardt Scheepers.

Do 3 Jul 20:00

Gradering: **Geen o/16**

Venue:	**Nelspruit Hoërskool Ouditorium**
Tydsduur:	**90 min**
Prys:	**R305**

Die produksie, wat gelei word deur die Radioraps- en Ryno Velvet- kampe is enig in sy soort. Rikus, bekend as Johnathan van Radioraps het na 'n 2 jaar blaaskansie besluit om weer op die planke te verken, maar dié keer met 'n twist. Hierdie keer is hy nie Jonathan van Radioraps nie, maar homself, Rikus. Hy was nog altyd 'n groot aanhanger van Ryno Velvet. Na hulle ontmoeting en op die jaar waar hulle al twee 40 word, het hulle besluit om kragte saam te snoer en 'n produksie op die planke te bring wat stories uit Rikus se perspektief vertel, sowel as die 9 liedjies wat op die album, *Nou toer ons*, verskyn.

Bekende parodieë en ou *classics* van Ryno en Rikus, sowel as 'n paar verrassings wat nog nooit gehoor is nie, maak deel uit van die vertoning. Heeltemal uniek en enig in sy soort. Hierdie vertoning het 'n ouderdomsbeperk van 16 en is net vir lekker mense.

Loof Hom Innibos

Met Ilán van Staden, Chris Else en Onbeskaamd.

So 6 Jul 18:00

Gradering: **Gesin**

Venue:	**Church Unlimited**
Tydsduur:	**120 min**
Prys:	**GRATIS**

Ondersteun deur Laeveld Agrochem, Citybug en Church Unlimited.

Innibos sluit die fees op 'n gepaste wyse af en almal word hartlik uitgenooi om te kom deel in die danksegging en lofprysing saam met Ilán van Staden, Chris Else en Onbeskaamd.

Hierdie is 'n GRATIS konsert, maar daar word kollekte na die tyd opgeneem vir Sinani, 'n nie-winsgewende organisasie wat na weeskinders omsien en veilige hawens vir hierdie weerloses in ons gemeenskap skep. Feesgangers word versoek om 'n bydrae te maak vir hierdie goeie doel en om sodoende vir Sinani te help om 'n verskil te maak.

Kom loof en prys Hom by Innibos!

TOYOTA innibos LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES

LEEFSTYL PRODUKSIES

Meesters: 100 jaar van Pinotage en Afrikaans

Met Christo Snyman, Johan Rademan en wynmaker Beyers Truter

Vr 4 Jul 18:00; Sa 5 Jul 14:00

Regie: **Johan Rademan**
Gradering: **Gesin**

Venue: **Seunskoshuis-eetsaal @ Nelspruit Hoërskool**
Tydsduur: **120 min**
Prys: **R205**

'n Innibos-produksie, moontlik gemaak deur Komati Group Holdings (Pty) Ltd, in samewerking met die Pinotage Assosiasie.

Kom proe en beleef saam met wêreldkampioenwynmaker, Beyers Truter, die pad wat die eg Suid Afrikaanse kultivar, Pinotage, deur 'n eeu gestap het. Ons eer Abraham Izak Perold, die vader van Pinotage, se nalatingskap.

Kom luister hoe Johan Rademan meesters soos Van Wyk Louw, Opperman, Aucamp, Watermeyer en Boerneef se gedigte afstof om Afrikaans se 100ste bestaansjaar as amptelike taal te vier.

Christo Snyman bring met sang en kitaar hulde aan van Afrikaans se voorste musiek-en liriek-skrywers soos Koos du Plessis, David Kramer, Anton Goosen en 'n paar spesiale verrassings. Feesgangers gaan vyf wyne proe: Beyerskloof Chenin Pinotage, Beyerskloof Pinotage 10 jaar oud, Wildekrans Pinotage, Beeslaar Pinotage en Kriekbult Pinotage.

Verhale, gedigte, musiek, wyn en samesyn, gesondheid!

Skilder en Wyn

Met Hannelie Swart en Ana van Achterbergh

Vr 4 Jul 09:00; Sa 5 Jul 09:00

Gradering: **Volwassenes**

Venue: **Fleur de Lis-restaurant @ Nelspruit Hoërskool**
Tydsduur: **180 min**
Prys: **R750**

Maak jou eie skildery terwyl jy heerlik fees hou by Innibos. Jou gasvrou is Hannelie Swart, 'n kunstenaar in eie reg met 'n meestersgraad in visuele kunste. Sy is ook bekend vir haar kunsterapie-sessies en 'n kenner op dié gebied, waar die onderbewuste ontdek word vir selfverryking en selfkennis. Hierdie eiesoortige kunsmeesterklas, met 'n lekker glasie wyn in die hand, gaan jou help om jou unieke skildery in 'n prettige en rustige atmosfeer te teken en te verf. Geen kunstalent of opleiding is nodig nie, want Hannelie gaan jou stap vir stap deur die proses neem. Sy word bygestaan deur Ana van Achterbergh. Alle kunsmateriaal word voorsien en is ingesluit by die kaartjieprys. Aan die einde van die opwindende sessie het elke deelnemer hulle eie A3-grootte skildery. 'n Perfekte manier om Innibos 2025 te onthou.

Kaartjies beskikbaar by Ticketpro

innibos.co.za

Komati Fruit Plaasbesoek @ Crocodile River Estates

Met Tyrone de Bruin en Jarik Jansen

Sa 5 Jul 09:00 en 13:00

Gradering: **Geen o/18**

Venue:	**Komati Fruit Crocodile River Estates Kantore** Volg die pindrop na Crocodile RiverEstates, net voordat jy die pakhuis aan jou linkerkant sien, is die kantoor aan jou regterkant, die plaasbesoek-toer begin van hier af.
Tydsduur:	**180 min**
Prys:	**R250**

'n Innibos-produksie, moontlik gemaak deur Komati Group Holdings (Pty) Ltd.

Kom beleef die pragtige Laeveld saam met ons op die Komati Fruit Plaasbesoek. Kom verken die sitrusboorde agter op 'n trekker-waentjie en geniet die ervaring om vir jouself 'n kilogram topgehalte sagte sitrus te pluk. Jy gaan eerstehands ervaar hoe sitrus verpak en verwerk word vir die uitvoer en lokale mark. Jou kennis en smaakknoppies gaan geprikkel word met interessante feite en 'n oestafel wat gedek is met al Komati Fruit se uitvoergehalte kommoditeite en variteite.

Die plaasbesoek word afgesluit op die rivieroewer met 'n heerlike gin-proe wat van die einste sitrusvrugte gemaak is. Dit is 'n Laeveld lekkerte wat nie misgeloop mag word nie!

'n LANGTAFEL-ERVARING, IEWERS IN DIE LAEVELD VIR DIE KIESKEURIGE FYNPROEWER

Wo 2 Julie 16:00 - 23:00

Kontakpersoon: **Lizette Gerber (084 406 6861)**

Venue:	**Onbekende Laeveld bestemming**
Koste:	**R 2450 / pp Sluit vervoer, ete en water in.**
Bespreek:	**www.laeveldlangtafel.co.za**
E-pos:	**bookings@laeveldlangtafel.co.za [elektroniese betalings]**

Facebook: Laeveld Langtafel . Instagram: @laeveldlangtafel

Word weggevoer na 'n unieke, geheimsinnige leefstyl ervaring in 'n semi-formele atmosfeer waar die natuurskoon van die Laeveld jou begroet. 'n Sewegang-maaltyd met lewendige kontemporêre agtergrondmusiek en goeie geselskap rond die spyskaart vir 'n onvergeetlike aand af. Kom deel in 'n kulinêre koservaring soos nét die Laeveld en sy mense dit met styl en finesse kan bedien.

Vir enige navrae:

Whatsapp 074 238 6188

NELSPRUIT HOSPICE
...because we care!

Kaartjies beskikbaar by Ticketpro

innibos.co.za

TOYOTA innibos LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES

AVONTUUR PRODUKSIES

Long Tom Toboggan-pretrit saam met Die Piesangskille

Met Die Piesangskille, Daniël Marais en Johan Balt

Wo 2 Jul 11:00

Gradering: **Geen 0/15. Spesiaal vir 15- tot 25-jariges.**

Venue:	**Long Tom Toboggan, Misty Mountain**
Tydsduur:	**240 minute**
Prys:	**R405**

Moontlik gemaak deur Long Tom Toboggan en Misty Mountain se bestuur.

Kom geniet hierdie pretrit deur die berge in die Long Tom-pas saam met die gewilde Piesangskille. Die Long Tom Toboggan is die langste toboggan-baan in Afrika met 'n indrukwekkende 1,7 kilometer baan. Jy klim op die Long Tom Toboggan-karretjie en woerts met 'n spoed van 45 kilometer per uur deur die pragtige natuur vol veldblomme, oop grasvelde en dennewoude tot by Misty Mountain. Met die wind deur jou hare is hierdie 'n opwindende rit wat jou asem gaan wegslaan. Dit sluit die busrit tot daar, die pretrit op die Toboggan, 'n heerlike middagete saam met Die Piesangskille en 'n spesiale pret-pet met die komplimente van Long Tom Toboggan en Misty Mountain in.

Trek gemaklike klere en tekkies aan, maar onthou dit is yskoud in die berge. Hierdie belooft 'n ongelooflike belewenis vir die jongklomp.

TOYOTA innibos LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES

POETRY SLAM

Poetry Slam

Date and time: Sat 5 Jul 15:00 - 19:00

Venue:	**SA Moz Flavor, 56 Ferreira Street**
Cover charge:	**R20**

Words in my Mouth is a poetry platform in Mbombela with the aim to promote arts in general in the city, as well as giving up and coming poets the opportunity to perform.
In the first session the poets' duets will take place where poems will be delivered in different languages. Come listen to poems in English, Siswati and Afrikaans.
After a successful All Woman Poetry Slam it is back on Saturday. Come hear how powerful women can articulate matters from the heart.

This is the coolest place to be during Innibos 2024.

Call Menzi Mkhonza on 073 512 1435 or visit www.wordsinmymouthpoetry.co.za to find out more about the slam vibe!



Kaartjies beskikbaar by Ticketpro

innibos.co.za

ATKV-Boeke-crawl

Met Susan Coetzer,Jack & June, Elvis Blue, Anna-Mart van der Merwe, Frazer en Deniel Barry en Johny Klein

Plek:	**Kaapsehoop**
Tydsduur:	**260 minute**
Prys:	**R350 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)**
Gradering:	**Volwassenes**

Do 3 Julie 15:00 en 17:00

Busse vertrek stiptelik vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.

Die ATKV-Boeke-crawl is 'n lekkerte vir elke feesganger wat hom verwonder oor die Afrikaanse taal wat vanjaar sy 100ste bestaansjaar as amptelike taal vier.
Kom luister na die krag van die woord, hetsy 'n fragment uit 'n roman, 'n kortverhaal wat jou laat regop sit, 'n trefseker gedig of 'n lied met 'n liriek wat jou aan die hart gryp.

Feesgangers kry 'n doppie-koppie met 'n knertsie Van Loveren muskadel en 'n serp om die ergste koue van die mistieke dorpie, Kaapsehoop, te besweer. Daar is drie aandoenplekke waar daar rondom boeke, woorde en wysies gekuier gaan word.

Die eerste aandoenplek is Bohemian Groove Café waar Susan Coetzer fragmente uit haar nuwe roman, *Haas en Harriet* gaan voordra terwyl die ongelooflike duo Jack & June die bypassende hoendervleismooi musiek gaan verskaf.

Die tweede aandoenplek is die kapel by Silver Mist Country Inn waar Anna-Mart van der Merwe tekste van letterkundiges gaan voorlees om die prag van die Afrikaanse taal te vier, terwyl Elvis Blue se sielvolle musiek die wonder en krag van liriek en melodie illustreer.

Dan stap die feesgangers na Silver Mist Funksiesaal waar Afrikaanse humor onder die loep kom. Akteur Johny Klein gaan aan humoristiese juweeltjies uit die pen van onder andere Audrey Blignaut, André P Brink en Japie Coetzee gestalte gee terwyl die bekende Deniel en Frazer Barry deur hulle feestelike sang 'n glimlag op feesgangers se gesigte gaan sit. Die perfekte manier om die genotvolle aand mee af te sluit.

Met woorde, sinne, verse, verhale en musiek is die ATKV-Boeke-crawl 'n unieke en eiesoortige woordreis wat beslis nie misgeloop moet word nie.

Hongerpyne word afgeweer deur ligte verversings by die aandoenplekke. Bring 'n warm jas, mus, kombers. Kaapsehoop is koud! Laataand keer die busse weer terug na Mbombela.

ATKV

Produksie moontlik gemaak deur die ATKV en ondersteun deur Bohemian Groove Cafè, Silver Mist-gastehuis, Van Loveren-wyne en Buscor.